
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

STAAN VAS

Ons sal begin deur die duiwel se taktieke en strategieë te oorweeg en hoe ons hom kan weerstaan volgens **Jak. 4:7** wat sê: **Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.** Jesus is die voorbeeld en ons moet van Hom leer. Die duiwel het Jesus in die woestyn versoek nadat Hy vir veertig dae gevas het en Jesus het hom weerstaan deur te verklaar **"Daar is geskrywe"** en dan die Woord van God te verklaar. Die duiwel het Jesus drie keer versoek en elke keer het Jesus hom weerstaan deur te verklaar **"Daar is geskrywe"** en dan die toepaslike Skrif vers gekwoteer.

Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien (Matt. 4:1-10).

Nadat Jesus die Skrif kwoteer het in antwoord op die duiwel se versoekings, het Hy gesê **"Gaan weg Satan!"** Toe het Jesus krag uit die hoogte ontvang en die Skrif sê: **Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien (Matt. 4:11).**

Wanneer die duiwel kom om jou aan te val, kan jy dieselfde doen as Jesus omdat Hy gesê het in **Luk. 10:19: Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.**

Wanneer die duiwel vir jou sê: "Jy is swak. Jy kan nie versoekings weerstaan nie. My krag is te groot vir jou." Moet jy hom met vertroue kan antwoord: **"Gaan weg van my Satan! Daar is geskrywe .... God sê ek kan alle dinge doen deur Jesus Christus wat my die krag gee. Die Here is die krag van my lewe. Die wat die Here ken sal vashou en optree. Laat die swakke sê ek is sterk, my voet sal nie wankel nie want my Bewaarder waak aanhoudend oor my" (Fil. 4:13; Ps.27:1; Dan. 11:32; Joel 3:10; Ps.121:3).**

Die duiwel sê: "Ek is 'n dief wat gekom het om te steel, te slag en te verwoes. Ek sal jou gesondheid

verwoes en jou vrede steel. Ek sal jou van die harmonie in jou huis beroof." As antwoord verklaar hardop, **"Gaan weg van my Satan! Daar is geskrywe….. Jesus het gekom sodat ek lewe mag hê en lewe in oorvloed. Ek het Jesus in my hart en God begeer dat dit met my moet goed gaan soos dit met my siel goed gaan. Nou weerstaan ek jou Satan in die Naam van Jesus" (Joh. 10:10, 3 Joh. 2, Jak. 4:7).**

Die duiwel sê dat jy 'n hartaanval gaan hê, of dat jy sal ly onder artritis (of enige ander siekte) in jou liggaam vir die res van jou lewe. Jou antwoord op hierdie leuens moet 'n vrymoedige verklaring van die Skrif wees: **"Satan, jy is 'n leuenaar! Daar is geskrywe …. God sê Jesus het ons swakhede op Homself geneem en ons siektes gedra. Ek sal daarom nie 'n hartsiekte of artritis in my liggaam aanvaar nie, omdat Jesus al my siektes op Hom geneem het. As Jesus dit geneem het en die prys betaal het, het ek nie nodig om dit te dra nie. Deur Sy wonde is ek genees (Matt. 8:17, 1 Pet. 2:24).**

Die duiwel mag sê: "Jy kan nie teen my krag staan nie, ek is die god van die wêreld." Jou verklaring behoort te wees **"Wyk van my Satan! Daar is geskrywe …… Jesus het gesê dat ek mag sal hê om duiwels in Sy Naam uit te dryf. In Sy Naam beveel ek jou om te gaan . God sê, as die vyand soos 'n saamgeperste stroom aankom, sal die Gees van die Here 'n banier (versperring) teen hom ophef - wat hom sal laat vlug. Daarom hef die Gees van God 'n magtige banier vir my op en my lewe is in die hande van die Here!" (Mark 16:17, Jes. 59:19 lees die King James Bybel).**

Die duiwel sal probeer om twyfel in jou hart te plaas aangaande God se vermoë om in jou daaglikse behoeftes te voorsien. Wanneer jy 'n behoefte het onthou om te verklaar: **Daar is geskrywe …. My God sal in al my behoeftes voorsien volgens Sy rykdom in heerlikheid in Christus Jesus (Fil. 4:19).**

Die duiwel mag met sy leuen kom: "Die dae van wonderwerke is verby. Die krag van Christus is nie meer beskikbaar nie. Jesus kon groot dinge gedoen het toe Hy op die aarde gewandel het, maar nie meer vandag nie." Jou antwoord behoort te wees: **"Wyk van my Satan! Daar is geskrywe … Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Daarom sal die Here net soveel vandag vir my doen as wat Hy vir enigeen in die verlede gedoen het, Hy is onveranderlik! Gaan weg van my Satan want ek sal net God se beloftes aanvaar in my lewe" (I Tim. 6:3-5, 2 Joh. 9,10-11, Heb. 13:8).**

Wanneer die duiwel met vrees na jou kom en sê: "Jy is altyd vol vrees en jy gaan dit altyd wees. Jy is bang vir mense en jy is bang vir die dood. Jy is bang om enigiets te doen, omdat jy weet dat jy nie suksesvol sal wees nie." Jou antwoord moet wees: **"Wyk van my Satan, want daar is geskrywe … God het my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar een van krag, liefde en selfbeheersing. Ek weier om deur vrees beheer te word, omdat God sê dat dit sonde is. In die Naam van Jesus is ek bevry van elke depressiewe invloed van angs en vrees" (2 Tim. 1:7).**

Die Woord waarsku ons dat die duiwel soos 'n "engel van die lig" kan kom om ons te verlei, dus moet ons te alle tye wakker wees. **En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig (2 Kor. 11:14).** Aan ons word gesê om "die geeste te toets" : **Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan (1Joh. 4:1).** Ons word ook gewaarsku in **1 Pet. 5:8: Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.**

Die duiwel mag drie of vier keer kom om ons te versoek om ons geloof in God en Sy Woord te verloor, net soos hy met Jesus gedoen het, maar elke keer moet ons sterk staan op die beloftes van God en hulle verklaar! Dit is hoe ons hom weerstaan ... en hy MOET weggaan.

God het ons lief en wil net die beste vir ons hê – Hy het dit bewys deur aan ons Sy heel beste te gee, toe Hy ons Sy eniggebore Seun Jesus gegee het om vir ons sondes gekruisig te word. GOD HET ONS SY ALLES GEGEE – ONS MOET AAN HOM ONS ALLES GEE! **Immers, sy goddelike krag het ons ALLES geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug (2 Pet. 1:3).**

In **Openb.12:11** lees ons hy (die duiwel) is oorwin deur die **bloed van die Lam** en **die woord van hulle getuienis.** Dit is vandag steeds geldig!

Die duiwel sal altyd wat God se Woord ook al verklaar teenstaan, maar ons weet dat God se Woord WAARHEID is en ons moet dit verstaan, want ons gebruik dit in geestelike oorlogvoering wanneer ons met Satan se LEUENS te doen het. Jesus, wat tot Sy Vader bid, het gesê in **Joh. 17:17: Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.** God se waarheid sal altyd oor die duiwel se leuens heers.

Want die woord van God is LEWEND en KRAGTIG en SKERPER as enige tweesnydende swaard (Heb. 4:12). God se Woord KANNIE misluk nie, maar Satan bevraagteken dit altyd en gebruik hierdie taktiek om twyfel in ons harte en denke te probeer kry! Die duiwel plaas 'n vraagteken na elke belofte wat God ons gee, met die hoop dat dit ons sal laat twyfel en dubbel hartig sal laat word! In die tuin van Eden het Satan vir Eva gevra: " Is dit so dat God gesê het?" **Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? (Gen. 3:1)** Let op die vraagteken! Deur die bevraagtekening van God se direkte bevele, daag Satan die woorde wat God teenoor Adam en Eva gespreek het uit, naamlik, dat hulle NIE moes eet van die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad nie! En Eva het geweifel, getwyfel en toegegee aan die duiwel se leuen en misleiding! Eva moes gesê het: "God het dit gesê, ek glo dit en dit is afgehandel!" As God se kinders, moet ons met oortuiging in ons hart en met onverskrokkenheid sê – "JA, GOD HET DIT WERKLIK GESê!" Ons lees in **Jak. 1:6-8: Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie — so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.**

Die Woord van die Here bevat beloftes vir elke soort behoefte wat ons mag hê.

Jesus se dood aan die kruis was die volmaakte offer en was vir God die Vader aanvaarbaar. Sy offerdood het verlossing van sonde voorsien en hereniging met Vader God vir die hele mensdom. Deur die storting van Sy Bloed is Satan volkome verslaan.

Kol. 2:14-15 sê: En die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het(die kruis). Dan lees ons weer in **Heb.2:14-15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.** Jesus het Satan aan die kruis vernietig.

Ons moet egter onthou, dat ons nog 'n geestelike geveg het om teen Satan en sy demone te veg terwyl ons op die aarde is, omdat die Bybel vir ons vertel dat ons 'n vyand het wat kom om te steel, te dood en te vernietig(Joh.10:10). **Ef. 6:12** sê**: Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.**

God het egter aan ons magtige geestelike wapens gegee om te gebruik in ons geestelike oorlogvoering teen ons vyand – Satan en sy bosegeeste. Hierdie wapens is nie vleeslik nie, maar magtig **deur God** om vestings neer te werp: **Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp (2 Kor. 10:3-4).**

In Efesiërs hoofstuk 6, word vir ons gesê om die volle wapenrusting van God aan te trek om die duiwel te weerstaan, dus weet ons dat ons 'n vyand het wat ons moet aandurf. Die aard van hierdie oorlogvoering saam met die beskrywing van ons magtige wapens en wapenrusting word beskryf in **Ef. 6:10-18: Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie**

teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God — terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.

Onthou, die oorwinning is reeds behaal deur Jesus aan die kruis op Golgota, dus word ons beveel om soos oorwinnaars te loop, omdat dit is wie ons in Christus is en dit is deel van ons erfenis wat in die Nuwe Testament aan ons belowe is. Die Testament het van krag geword toe Jesus gesterf het. 'n Erfenis is eers geldig na die dood. Ons erfenis as mede-erfgename met Christus Jesus het geldig geword met Sy dood. Ons lees in **Kol. 1:12-14: En die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig — Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.**

Ons HET reeds die oorwinning in Jesus, dus is ons oorwinnaars in die geestelike geveg teen die vyand!

Op hierdie plek wil ek een van die wonderlikste getuienisse wat ons ontvang het van ouers wat hul vertroue in God geplaas het vir hul seun en die voltooide werk van Jesus aan die kruis, met julle deel. Dit bevestig dat God nog wonderwerke doen vandag en dat ons die oorwinning het deur Jesus.

Ons seun Herman het maag probleme gehad, en moes hospitaal toe gaan vir verdere toetse nadat bloedtoetse gewys het dat hy kolon kanker gehad het. Hy is 45 jaar oud. As ouers was die nuus onaanvaarbaar en omdat ons die Here se krag geken het, het ons Stanger Christelike Sentrum gebel en julle het belowe dat julle dadelik sou bid. Toe hy die volgende dag ingegaan het kon hulle geen tekens van kanker kry nie. Prys die Here. Hy is 'n gastroskopie, 'n kolonoskopie, x-strale en MR scan gegee. Die dokter kon nie aanvaar dat die kanker verdwyn het nie. Hulle het aangedring op 'n operasie, maar kon geen kanker vind nie. 'n Week later is hy verwys na 2 ander spesialiste vir ondersoek, maar steeds geen teken van kanker nie! Prys die Here! Ons Hemelse Vader het weereens aan ons gewys dat Hy die Groot Geneser is en dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Dankie dat u saam met ons gebid het. Ons loof en eer Hom omdat Hy aan die kruis vir ons siektes en verlossing gesterf het.

Loof die Here vir al Sy goedheid, Liefde en Genade.

Mnr. en Mev. Smith, Bloemfontein

Woorde soos: "Ek is so bedruk" of "Ek sal nooit sukses hê nie", sal niks doen om jou gees op te hef nie, hulle is woorde van die vyand, woorde wat Satan wil hê dat jy moet verklaar – woorde van nederlaag. Verklaar eerder woorde van Lewe, soos: "In Jesus het ek altyd die oorwinning ".

Wanneer ek aanhoudend praat oor my finansiële tekort, twyfel, vrese en angstigheid dui dit 'n vrees aan dat God nie sal kan voorsien nie, wat ongeloof is.

Neem 'n kwaliteit besluit vandag om God opnuut te vertrou omdat **niks** vir Hom onmoontlik is nie! **Luk. 1:37** Verklaar daardie vertroue in Hom en skep moed, wees sterk en gebruik die Swaard van die Gees – die Woord van God!

Verklaar die volgende beloftes met geloof in jou hart, omdat hulle Ja en Amen is!

Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie (Heb. 13:5).

Ek dien die Here en daarom seën Hy my brood en water en neem siektes van my weg (Ex. 23:25).

Die Here seën my met vrede (Ps. 29:11).

Die lofprysing van die Here is voortdurend in my mond omdat ek Hom verhoog (Ps. 34:1).

Laat die swakke sê ek is sterk, daarom is ek sterk (Joel 3:10).

Hyself het ons swakhede op Hom geneem en ons siektes gedra, daarom is ek gesond (Matt. 8:17).

In Jesus se Naam dryf ek duiwels uit en spreek in nuwe tale (Mark. 16:17).

Ek gee 'n goeie maat en 'n goeie maat word aan my teruggegee (Luk. 6:38).

Ek het gesag oor al die mag van die vyand en niks sal my ooit skade doen nie (Luk. 10:19).

Jesus stuur my soos die Vader Hom gestuur het (Joh. 20:21).

Ek kan alle dinge doen deur Christus wat my die krag gee (Fl. 4:13).

Ek vrees niks omdat God my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie maar van krag, en liefde, en selfbeheersing (2 Tim. 1:7).

My wapen is die Woord van God, wat lewend, kragtig en skerper as 'n tweesnydende swaard is (Heb. 4:12).

Jesus sal my nooit verlaat nie, want Hy is dieselfde gister, en vandag en tot in ewigheid (Heb. 13:5 en 8).

Deur Sy Goddelike krag het Hy my alle dinge gegee wat tot die lewe en godsvrug dien (2 Pet. 1:3).

God se salwing bly in my (1 Joh. 2:27).

Soos dit met my siel goed gaan, gaan dit met ander dinge in my lewe goed, veral my gesondheid (3 Joh. 2).

Ek oorwin die bose deur die Bloed van die Lam en die woord van my getuienis (Openb. 12:11).

Die Here is my Herder en ek kom niks kort nie (Ps. 23:1).

En ek neem die helm van verlossing, en die swaard van die Gees, wat die Woord van God is (Ef. 6:17).

Laat ons aanhou om die goeie geveg te veg, die goeie geveg van die geloof deur God se beloftes te bely, en deur dit te doen die duiwel te weerstaan deur ons onwankelbare vertroue en onverskrokke verklarings!

UIT ONS KANTOOR



Liewe Familie in Jesus,

Ons glo dat julle ook agter gekom het dat die tyd vinnig verby vlieg asof die dae net te kort is. Ons Hemelse Vader belowe ons in die Woord dat Hy die dae sal verkort terwille van Sy kinders in die Goddelose wêreld. **(Matt. 24:22).** Ons moet ons lewe rig op Sy beloftes , versigtig wees dat die omstandighede rondom ons nie die oorhand sal kry nie - die wetteloosheid – die korrupsie - die val in die waarde van geld – die stygende olie, petrol en voedsel pryse, en baie meer, want God se Woord het gesê dat dit so sal wees in die laaste dae.

En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word (Matt 24:12-13).

Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe (Heb. 10:39).

Vriende, net soos ons daagliks vir julle bid, is ons baie afhanklik van elkeen van julle se gebede vir ons – asseblief moenie daar laat slap lê nie. Satan sal enigiets in sy vermoë doen om ons te sif soos koring **(Luk. 22:31)** want ons skroom nie om sy duistere koninkryk aan te durf nie, maar ons is volkome afhanklik van God se oorvloedige genade en al ons vriende wat vir ons bid en ondersteun. Baie, baie dankie!

Mag die Here elkeen van julle kosbare gesinne seën. Onthou altyd die woorde van Dawid in **Psalm 16:8: Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.** Laat ons moedig vasstaan tot by die einde toe in die Waarheid van Sy Woord.

Baie liefde groete
Meg en die gebedspan

.

SNARED BY YOUR WORDS

Thou art snared with the words of thy mouth, thou art taken with the words of thy mouth (Proverbs 6:2). Wise King Solomon understood that our words have so much power and influence, that they can ensnare us, take us captive and bind us to circumstances. You may be going through a great battle, trusting the Lord to deliver you and strengthen you, if so, guard your tongue.

These words of Solomon apply directly to those who literally "enjoy" bad health. What do I mean by that? Very often, people who continually speak of their aches and pains, do so because they enjoy the sympathy and attention they receive when they are sick, and then this becomes a vicious circle. Your own words will ensnare you in this trap of sickness. When you are always complaining about your ill health and making sure that people know all about every little detail, you receive the attention and sympathy of others. This may be filling a need within your life, especially if you are lonely, but it is not what the Lord wants for you. He wants to see you happy and healthy. It would also be a stumbling block to those who are trusting the Lord for their own healing, causing confusion and doubt in their lives.

There are many people like Thomas, who doubted and had to **see** Jesus' nail marked hands before he would believe. They need first to see and only then they will believe. Others believe that miracles only happened in the time of Jesus' ministry on earth - they do not believe that He still performs miracles today. Then there are those who argue that Paul had a thorn in the flesh and he prayed to the Lord three times to remove it, but God did not. Why should I murmur if God wants me to keep "my thorn"? But if you read that scripture carefully, you will see that clearly it says that the "thorn" was an angel of Satan sent to buffet him. **And lest I should be exalted above measure through the abundance of the revelations, there was given to me a thorn in the flesh, the messenger of Satan to buffet me, lest I should be exalted above measure (2 Cor. 12:7).**

It is your choice how you respond to God's promises for your well being. You can remain fearful, sick and depressed, speaking words of doubt and unbelief because you are focussing on the symptoms and choosing to believe man, or you can trust God and believe what He says in His Word.

FACT IS WHAT MAN SAYS IS TRUE, TRUTH IS WHAT GOD SAYS IS TRUE.

Do we still doubt that Jesus can heal every sickness and fear, even though this is what He did during His ministry on earth AND what He commanded His disciples to do according to His Great Commission - instructions He gave and which He has never rescinded, therefore they are intended for all future generations of Believers

And He said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; In My name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; they shall lay hands on the sick, and they shall recover. So then after the Lord had spoken unto them, He was received up into heaven, and sat on the right hand of God (Mark 16:15-19).

Although Jesus did many mighty miracles wherever He ministered, the Bible tells us that He could do no mighty works in Nazareth because of the people's unbelief. **And He did not many mighty works there because of their unbelief (Matt. 13:58).**

When Jesus Christ, the Lamb of God, was crucified, He provided salvation and healing for all who would believe in Him and receive Him as Saviour and Lord. In **Isa. 53:5** it declares: **Surely he hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted. But he was wounded for our transgressions, he was**

bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon him; and with his stripes we are healed. This is repeated in **1 Pet 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: by Whose stripes ye were healed.** Then the third confirmation of the truth that Jesus paid for sicknesses as well as our sins is found in **Matt. 8:16-17: When the evening was come, they brought unto Him many that were possessed with devils and He cast out the spirits with His word, and healed all that were sick. That it might be fulfilled which was spoken by Esaias** (Isaiah) **the prophet, saying, Himself took our infirmities, and bare our sicknesses.**

To receive our healing for which Jesus paid such a costly price, we must believe God's Word and receive it by faith – just as we do when it comes to receiving our salvation which He purchased for us. We trust in Jesus and His complete and perfect work on the cross of Calvary! He died to save us and that we might be healed. Jesus dealt with both sin and sickness; He said in **Matt. 9:5: For whether is easier, to say, Thy sins be forgiven thee; or to say, Arise, and walk?**

We read in Matthew 14:14 that Jesus was moved with compassion when He saw the sick and needy, and He healed them all. **... and great multitudes followed Him, and He healed them all (Matt. 12:15).** Jesus healed all who came to Him for healing during His earthly ministry, and it is still His desire to heal all who come to Him for healing today, because the Word says **"Jesus Christ is the same yesterday, and today, and forever" (Heb. 13:8).** He has never changed and He is ALIVE for evermore!

His last words on the earth showed His concern for the sick, because He said **"those who believe, go and lay hands on the sick and they shall recover" (Mark 16:18).**

THIS IS HIS WORD THAT IS FOREVER ESTABLISHED!!!

Listen to the words that you are saying about yourself. You may have become so accustomed to always talking about your operations and health problems that you are not even aware of the fact that you are doing it, but physically and spiritually you will regress, because you are dwelling more on the problem than on Jesus' words and promise to you in **John 10:10: "I have come that they may have life in abundance."** The words "life in abundance" testify to health and healing. Jesus said I have come to destroy the works of the devil, **... For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil (1 John 3:8)** —and it is His desire that all should be healed. **How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil; for God was with Him (Act 10:38).**

We must never base our faith on other people's personal experiences because this may cause us to lose heart and become confused. We base our faith on what the Word of God says! If a precious Christian does not get healed after prayer, do not allow this to become a stumbling block to your faith for healing. Nobody but God knows what is in the heart of a person, or what barrier might have prevented their healing from manifesting. The fact that someone was not healed does not alter the Word of God or negate His promises. Keep trusting the Lord and proclaiming His Word, and it will come to pass. Do not believe the lies of Satan – they will only weaken your faith and provoke negative confessions, such as:

"I can't be healed, God just doesn't hear my prayer"
"My faith is so weak I guess I am one of the Lord's weaker children"
"Satan is just a mighty and powerful oppressor"
"I have tried before but I have failed"
"I worry all the time that I may have cancer"
"So many people have prayed for me, but nothing happens"
"My faith is shattered, God does nothing for me"
"I am totally depressed and can't even pray anymore "

The following are some of the lies the devil will try and feed you, and if he can get you to believe them you will repeat them, although they totally oppose God's Word. So be alert to Satan's tactics.

Remember..... **"for out of the abundance of the heart**

the mouth speaketh" (Matt 12:34). "You shall have whatever you say"(Mark 11:23). Keep on trusting the Lord, He is faithful.

SATAN'S LIES VERSUS THE WORD OF GOD

Devil's language: I am bound.

Bible language: I am free in the liberty wherewith Christ has made me free (Gal. 5:1).

Devil's language: I don't have assurance that I'm saved.

Bible language: I am saved because my name is written in heaven (Luke. 10:20).

Devil's language: I'm so afraid.

Bible language: God has not given me the spirit of fear (2 Tim. 1:7).

Devil's language: the Lord doesn't seem to bless me much.

Bible language: God has blessed me with all spiritual blessings (Eph. 1:3).

Devil's language: I have so little power from God.

Bible language: I am full of power by the Spirit of the Lord (Mic. 3:8).

Devil's language: I have no strength; I am so weak.

Bible language: The Lord is my strength (Psalm 18:2).

Devil's language: The longer I live the weaker I get.

Bible language: As are my days, so is my strength (Deut. 33:25).

Devil's language: I can't win those I love for Christ.

Bible language: By faith I shall lead the ones I love to the Lord Jesus (Acts 16:31).

Devil's language: I cannot be healed.

Bible language: He is the Lord that heals me (Ex. 15:26).

Devil's language: I just can't pay my accounts.

Bible language: My God shall supply all my needs according to His riches in glory through Christ Jesus (Phil. 4:19).

Devil's language: I am too shy to share my testimony and be a witness for Jesus.

Bible language: I can be a witness because the Holy Spirit enables me (Acts 1:8).

Devil's language: I am just not able to do anything about being overweight.

Bible language: I can do all things through Christ which strengthens me (Phil. 4:13).

Devil's language: I have so many problems and spend sleepless nights full of anxiety.

Bible language: I cast all my cares upon Jesus for He cares for me (1 Pet. 5:7).

ONS GOD VANWONDERWERKE...

Mark. 12:26 – 27: En wat die dode betref, dat hulle opstaan – het julle nie gelees in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, hoe God vir hom gesê het: "Ek is die God van Abraham, en die God van Isak, en die God van Jakob nie?" God is nie 'n God van dooies nie, maar 'n God van lewendes. Julle dwaal dus grootliks.

Jesus spreek met die Sadduseërs oor die opstanding van die dode.

In **Joh 8:58**, lees ons die volgende: Jesus sê vir hulle: **"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek."**

Daarom sê Jesus twee baie belingrike dinge vir ons. Eerstens, Hy IS God soos Hy Homself identifiseer as die groot "EK IS"! Hy is nie die groot "Ek was" of die groot "Sal wees" nie ... Hy is "Ek IS" wat beteken nou en vir altyd. Wanneer ons in Christus is, is daar geen einde aan lewe nie, want ons is vir ewig Syne!

Hierdie groot manne van God, wat genoem is, is ook vir altyd saam met Hom! Ons weet met Jesus se verheerliking, het Moses en Elia verskyn en hulle het met mekaar gepraat!

Dit is dus alles aan ons uitgelê in God se kosbare Woord as 'n wonderlike bemoediging! Vir diegene wat Jesus kies, kies lewe, ewige lewe. Daar is geen onderbreking in gemeenskap met ons Here wanneer ons die lyn oorsteek van hierdie aarsdse lewe na ons hemelse bestemming, want aan ons is gesê dat ons vir altyd in die Here se teenwoordigheid sal wees, net soos al die Bybel se reuse en almal wat daarna op Jesus vertrou het!

Dit is waarom Romeine vir ons sê dat NIKS ons kan skei van Sy liefde nie. Wat 'n wonderlike troos en versekering is dit nie vir ons nie. Laat hierdie waarheid toe om van jou hart besit te neem en jou te vul met vreugde!